

Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 29

En nou loof ons U, ons God, ons prys u glansryke Naam, want wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het. (1 Kron 29:13-14)

Die skrywer van die boeke 1 en 2 Konings vertel dat die opvolging van Dawid se regering ’n spanningsvolle tyd was, met verskillende seuns wat hulle pa wou opvolg, en verskillende magsbasisse, wat slegs met netjiese voetwerk van Dawid en Salomo bestuur kon word. Die Kronis laat dié onstuimige berigte uit, want sy hoof fokus was op die trou van God, wat Hy aan Dawid en Salomo geskenk het.
Omdat hy ’n ander fokus gehad het, kon hy ook ander sake in sy vertelling beklemtoon, soos die ongelooflike groot skat wat Dawid en die leiers van die volk geskenk het vir die bou van die tempel. Die hele volk was daaroor bly (vers 9). Dawid se gebed by dié skenking is veral insiggewend. Hy erken dat dít wat hulle vir God gegee het, eintlik maar net God se gawes is wat hulle aan Hom teruggegee het.
Dink jy só oor jou dankoffers? En juig jy daaroor, soos Dawid-hulle?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026